# Bespaar deur wetenskaplik gebalanseerde fosfaatlekke self te meng

*Deur Ewie Coetzee (Pr.Sci.Nat), Feedtek*

Die sogenaamde groenseisoen is 'n belangrike fase in die produksiesiklus van vee in ekstensiewe boerderye. Dit is die enigste tyd van die jaar wanneer natuurlike weiding smaaklik, hoog in voedingswaarde en hoogs verteerbaar is. Daarom is dit die beste tyd vir vroulike diere om te lakteer, aangesien melkproduksie direk aan voedingstofinname gekoppel is, asook om hulle weer beset te kry. Vrugbaarheid is optimaal wanneer vroulike diere se kondisie aan die styg is en hul voedingstatus goed is.

In die grootste gedeelte van Suid-Afrika is hierdie seisoen egter kort en kan weiding se voedingswaarde reeds binne vier of vyf maande weer begin afneem. Veeprodusente het dus 'n klein venster in die jaar om maksimale produksie te verseker.

### 'n Belegging in jou vee

Alhoewel natuurlike weiding in die groenseisoen goeie vlakke van proteïen en energie bevat, is die meeste gronde in Suid-Afrika arm aan minerale en spoorminerale. Beide speel 'n integrale rol in vee se gesondheid, vrugbaarheid, groei en melkproduksie, en feitlik alle metaboliese prosesse. Daarom is mineraal- en spoormineraalaanvullings 'n bewese praktyk vir vee op groenweiding. Dit bly een van die beste beleggings wat produsente in hul diere kan maak.

Baanbrekerswerk deur dr Arnold Theiler by Armoedsvlakte naby Vryburg, het byna 100 jaar gelede al duidelik getoon dat fosfor 'n enorme impak op veeprestasie het. Fosfor is vandag steeds die belangrikste mineraal wat gedurende die groenseisoen aangevul moet word.

Veeprodusente is, soos almal, in 'n kosteknyptang vasgevang. Dit noop hulle om produksie per hektaar grond aanhoudend te verhoog. So word die produksievlak van vee voortdurend deur genetiese vordering en beter voedings- en bestuurspraktyke verbeter. Namate diere se produksievlak toeneem, neem hul behoefte aan voedingstowwe ook toe en raak hulle vatbaar vir voedingstekorte en/of -wanbalanse. Daar moet dus op meer as net fosfor gefokus word.



### 'n Breër voedingsperspektief

Buiten fosfor is daar twee kernminerale wat produksie positief beïnvloed: swael en magnesium. Swael is noodsaaklik vir mikrobiese proteïensintese in die rumen en vorm deel van sekere vitamiene en hormone. Dit is ook noodsaaklik vir wolsintese by skape. Swaelaanvulling help ook met die voorkoming van metaboliese steurnisse soos blousuurvergiftiging en skuimopblaas, wat veral op geil groenweiding probleme kan veroorsaak.

Magnesium-metabolisme is nou verwant aan beide fosfor- en kalsiummetabolisme, en is belangrik vir ensiemaktivering en energiemetabolisme in die dier. Beide groeitempo en melkproduksie word direk deur die dier se magnesiumstatus beïnvloed. Alhoewel die meeste weidings redelike vlakke van magnesium bevat, word die opname daarvan binne die dier deur die vlakke van ander minerale (veral kalium) beïnvloed en aanvulling word dus sterk aanbeveel.

### Besnoei só op aanvullingskoste

Daar is talle fosfaatlekkonsentrate op die mark wat gewoonlik met veesout op die plaas gemeng word vir mineraal- en spoormineraalaanvulling, hoewel die meeste reeds spoor- en ander makrominerale bevat.

Aangesien hierdie produkte vooraf vermeng en kommersieel bemark word, dra alle voedingstowwe hierin 'n premie in vergelyking met individuele grondstowwe wat as kommoditeite verkoop word. Fosfaat beslaan tot 60% van hierdie produkte, hoewel dit vrylik as 'n kommoditeit in die vorm van mono- of dikalsiumfosfaat beskikbaar is. Alle sogenaamde kommersiële fosfaatlekkonsentrate maak in elk geval van een van hierdie twee grondstowwe gebruik.

Die vraag is of produsente kan bespaar indien hulle die fosfaat apart aankoop en

slegs die ander kernvoedingstowwe in 'n klaargemengde pak aanskaf. Feedtek het ondersoek ingestel hierna en gevind dat boere wel heelwat kan bespaar deur hul eie fosfaat aan te koop. Feedtek het vir hierdie doel die Green Grazer Premix (V30939, Wet 36/1947) saamgestel. Die produk voorsien swael, magnesium en alle essensiële spoorminerale in die korrekte verhouding tot mekaar, vir die tuismeng van volledig-gebalanseerde aanvullings.

### Tegnologie in 'n sak

Green Grazer Premix bevat ook 'n iono-foor wat die benutting van weiding in die rumen verder verbeter. Wêreldwye proewe toon dat ionofooraanvulling die groei en melkproduksie van weidende vee met tussen 5 en 10% verbeter. Dit help ook om verteringsteurnisse soos opblaas en lae rumen-pH te voorkom.

Die insluiting van hierdie ionofoor maak Green Grazer Premix ook uiters geskik vir die uitgroei en afronding van diere op groenweiding, waar matige vlakke van energie-aanvulling deur graan en/of graanbyprodukte gewens is. *Tabel 1* bevat voorbeelde van lekke wat met Green Grazer Premix vermeng kan word.

Met Green Grazer Premix kan produ-sente nou tegnologies-gevorderde lekke vir maksimale groei en vrugbaarheid self meng en só hul wins verhoog.

**Tabel 1: Lekke wat met Green Grazer Premix vermeng kan word.**

| Grondstof | Mineralelek | | Produksielek | | Energielek | | Afrondlek | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | MCP | DCP | MCP | DCP | MCP | DCP | MCP | DCP |
| Graanmeel / hominy chop | | | 450 | 475 | 775 | 775 | 900 | 900 |
| Monokalsiumfosfaat (MCP) | 300 | | 150 | | 50 | | 25 | |
| Dikalsiumfosfaat (DCP) | | 350 | | 175 | | 75 | | 25 |
| Sout | 450 | 450 | 250 | 250 | 100 | 100 | 50 | 50 |
| Voerkalk | 50 | | 50 | | 25 | | | |
| **Green Grazer Premix (25kg)** | 200 | 200 | 100 | 100 | 50 | 50 | 25 | 25 |
| **Totaal (kg)** | 1 000 | 1 000 | 1 000 | 1 000 | 1 000 | 1 000 | 1 000 | 1 000 |
| **Samestelling (%)** | | | | | | | | |
| Kalsium | 11,68 | 13,38 | 6,74 | 6,7 | 2,85 | 3 | 0,98 | 1,16 |
| Fosfor | 6,30 | 6,30 | 3,27 | 3,27 | 1,25 | 1,55 | 0,76 | 0,68 |
| Magnesium | 3,35 | 3,35 | 1,77 | 1,75 | 0,94 | 0,94 | 0,54 | 0,54 |
| Swael | 3,00 | 3,00 | 1,55 | 1,56 | 0,84 | 0,84 | 0,48 | 0,48 |
| Energie (TVV) | | | 36,90 | 38,95 | 63,55 | 63,55 | 73,80 | 73,80 |
| **Inname: Grootvee (g/dag)** | **100 - 200** | | **200 - 400** | | **400 - 800** | | **1 000 - 2 000** | |
| **Inname: Kleinvee (g/dag)** | **20 - 40** | | **40 - 80** | | **80 - 160** | | **200 - 400** | |

Vir meer inligting, kontak die outeur by ewie@feedtek.co.za.

